PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
082 459 5636

Ds Louis Buys
082 927 2034

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Polsslag

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

13 November 2016

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
011 849 2054
084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

GEMEENTE KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
011 849 6817
081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE

OGGENDDIENS
09:00
Ds Louis Buys

Skriflesing: *Hebreërs 13: 7-25*
Teksvers: *Hebreërs 13: 12-14*
Tema: *My "JA" beteken: "Ek gaan uit na Jesus buite die stadspoorte*

KERSSANGDIENS
17:00

ALMAL WELKOM !

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE NA DIE EREDIENS IN DIE SAAL

TER APPROBASIE:

Die volgende lidmate word ter approbasie aan die gemeente voorgehou as wyksleiers.

Paul Botes vir wyk B10
Nerine Oosthuizen vir wyk C12
Francois Grobler vir wyk D18
Herman Boersma vir wyk D20
Lynette Wigget vir wyk D21
Quintin Nel om ouderling by te staan by wyk F28

Ons bid hierdie lidmate wysheid en insig toe met die oorweging van hul roepings.

KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

GELUKWENSING:

- Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag belydenis van hul geloof aflê: Simoné Bornman, Kristen Shaw, Jaydene Wigget, Lara van Tonder, Andries Keown, Divan Yssel, Nicky van den Berg en Juan-dré du Randt wat ook met die Heilige Doop bedien sal word.
- Baie geluk aan Quintin Nel wat verskeie toekennings en erekleure ontvang het vir rugby en atletiek. Hou so aan Quintin!
- Ruben Jansen het Ekhurhuleni-span gehaal vir karate. Ons is trots op jou Ruben

MEELEWING:

- Tant Baba Lotter het 'n ligte beroerte vroeër die week gehad. Sy is uit die hospitaal ontslaan, en sterk tuis aan.
- Cornelia Bakker se ma het 'n ernstige operasie in Bethlehem ondergaan. Alhoewel sy steed in ICU is, is haar toestand stabiel. Ons bid vir die familie.

MEEGEVOEL:

- Ons maak met leedwese bekend die afsterwe van Ryno van Dyk. Ons dra Agnes en Arno Venter en kleinkinders van Ryno op in gebed en bid dat die Here hulle ryklik sal vertroos in hierdie moeilike tyd.

Het jy behoefte dat iemand vir jou of saam met jou bid?
Jy kan jou gebedsversoeke stuur na 084 627 2393
Ons bid graag vir jou!

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK				
DAG		**AKTIWITEIT**	**KONTAK PERSOON**	**LOKAAL**
So. 13/11	08:00 - 09:00 09:00 Na oggenddiens 17:00	Gebedskamer Peuter-kerk Katkisasie Gr 1-7 Kerssangdiens	Donsie Krüger Anneke Salomons Adri van Tonder Hannes Kleynhans	Ou Moederskamer Huis Onderskeie locale Kerkgebou
Ma. 14/11	09:30	Bybelstudie Rynpark 5	Adri Goede	Rynpark 5
Di. 15/11	09:00	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie	Konsistorie
Wo. 16/11	10:00	Palms afsluiting	Una Steyn	Lahani Lodge
Vry. 18/11	05:30 - 06:30 05:00 - 06:00 08:30	Gebedsgroep Mannebyeenkoms Bybelstudie met Braam	Donsie Krüger Schalk van Eeden Braam Kruger	Konsistorie Saal Konsistorie

DIENSBEURTE

TEESKINK	**OUDERLING**
Vandag: Wyk A6	Vandag: Piet Bateman
20 Nov: Wyk F29	20 Nov: Erika Buma

VERJAARSDAE 13-19 November

Baie geluk en mag ons Vader julle ryklik seën in die nuwe lewensjaar!

Dag	Naam	Kontak nr.
So. 13/11	Hans van Rooyen Naomi Diedericks Piet Bateman	082 855 8117 083 610 2446 079 873 4029
Ma. 14/11	Gerrie van Jaarsveld	082 970 0684
Di. 15/11	Truia van der Merwe	076 576 0359
Wo. 16/11	Reechie Willemse #	
Do. 17/11	Christohan Harmse # Connie Coetzer	
Vr. 18/11	Hennie Coetzer Hettie Viljoen Sannie van den Berg **	083 635 5583 083 628 9508
Sat. 19/11	Juan Smit #	

(# doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

KOLLEKTES

6 November 2016

Diens van Barmhartigheid: R 7851
Kerkkas : R 2306
Lof– en aanbiddingsdiens: R 241

Vandag:

Onder die diens : Barmhartigheid
By die deure: GTV

Volgende week: Streek sinode sustentasie

Die volgende lidmate het ontslag aangevra uit hul ondeskeie ampte, en dit is so goedgekeur:

- Bossie Boshoff as wyksleier van wyk
- Dorel Weideman as diensgroepleier van SLAK

HULP BENODIG ASB.

Die Multimedia diensgroep benodig ekstra persone vir die opstel van die powerpoint vir die Liturgie gedeelte van die erediens (d.i. Liedere, geloofsbelydenis, wet, skriflesing, ens.) –

Die orreliste doen dit gewoonlik, maar daar kan tye wees wanneer albei orreliste dalk nie beskikbaar is nie, veral gedurende vakansies. Al die nodige liedere en voorbeeld met basiese uitleg sal voorsien word aan diegene wat bereid is om te help.

Kontak asb. Tarina vd Merwe by 083 785 5345 of tarina@gkbenoni.co.za

GEMEENTENUUS EN DAGBOEKDATUMS

PALMS AFSLUITING
WOENSDAG 16 NOV. @ 10:00
LAHANI LODGE. 174 A BENONI WEG

Die jaar trek na 'n einde, en ons gaan heerlik saamkuier om die byeenkomste van die jaar mee af te sluit.

Skryf asb jou naam op die lyste in die portale en in die saal, sodat ons wees vir hoeveel om gereed te maak.

Ons sien uit daarna om julle te ontvang.

Almal baie welkom.

Navrae: Una Steyn 083 309 4017

NAGMAALSETE

20 NOVEMBER 11:30

Kom geniet 'n heerlike middagete saam met ons na die viering van die nagmaal. Die spyskaart bestaan uit: Hoenderpastei, slaai en broodrolletjies. Nagereg sal 'n heerlike skuimpoeding wees.

Bring asb eie eetgerei, glase en drinkgoed saam.

Almal hartlik welkom!

Navrae: Donsie Kruger 084 627 2393

KATKISASIEAFSLUITING

JUMP FOR JOY!!!

Datum: Saterdag 26 November 2016
Plek: Bounce Inc. Waterfall Lifestyle Centre (Midrand)
Tyd: Verterk 8:30 by die kerk – terug ± 13:30
Wie: Gr1 – Gr11 katkisasie kinders.
Koste: Toegang gratis (slegs eie sakgeld vir verversings binne Bounce)

Oppad terug gaan ons by Kota Joe's aan vir **"Amazing Melkskommels"!!**

Vervoer vanaf die kerk. Indien daar ouers is wat kan help sal dit baie waardeer word.

Voorlopig plek bespreek vir 25 kinders so "First come - First go".

Navrae: Otto Coetzer 083 324 1459

SUSTERSAFSLUITING
SATERDAG 26 NOVEMBER @ 08:30
LAGO PUCCINI
CLEARWATER ESTATE, h/v Atlas en Park str

Alle susters word hartlik uitgenooi om 'n oggend saam te geniet by die koffie gallery ter afsluiting na al die harde en toegwyde werk van die afgelope jaar.

Elkeen om sy eie rekening te btaal.

Laat Ina Bolt asb weet as jy gaan saam ontbyt sodat tafelbesprekings gemaak kan word.

Ina Bolt: 084 339 1136

SONGS OF PRAISE
KERSFEES 2016

OPSKUD!
Kaartjies verkoop vining!

Datum: 27 November
Tyd: 15:00
Plek: GK-BENONI

Begin die kersseisoen met 'n onvergeetlike ervaring. Kom luister na en sing saam met die Cantare Jubiloso Koor, Johannesburg Orchestra (JFO) en M7 Ensamble koor, en Soliste Charlotte Killian, Nicholis Louw, en Kevin Leo onder leiding van die wel bekende dirigent Richard Cock. Die program is propvol energieke en opwindende Kersfeeswerke.

Kaartjie besprekings en aankope:quicket.co.za of kliek op die skakel op ons webtuiste gkbenoni.co.za of by die deure.

Sitplekke sal genommer wees, en pryse wissel vanaf R130 tot R220. Koop jou kaartjies vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

Programme sal teen R20 by die deure beskikbaar wees.

Snoepie sal tydens pouse beskikbaar wees

Navrae: Derik van Niekerk 063 354 9731

MUNTLEGGING 2016
27 NOVEMBER 2016

Die jaarlikse muntlegging ten bate van bybelverspreiding (Bybelgenootskap van SA) vind hierdie jaar die 27ste November in die saal plaas, direk na die oggenddiens.

Maak asb julle munte (en note) bymekaar vir hierdie geleentheid. As jy nie die dag hier kan wees nie, is jy welkom om dit voor die tyd sondaeoggende in die konsistorie af te gee vir berging tot die 27ste.

Kom ons kyk of ons verlede jaar se bedrag van R2111 kan verdubbel.

Navrae: Gusta Botes 083 383 2605

BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 6 November 2016 se antwoord: Handelinge 12:13

" Hy het aan die voordeur geklop, en 'n diensmeisie met die naam Rode het kom hoor wie dit is.Toe sy Petrus se stem herken,was sy so bly dat sy nie die deur oopgemaak het nie, maar binnetoe gehardloop het om te vertel dat Petrus by die deur staan."

Die volgende bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur

Jan Lubbe; Martie Gibson; Gerda de Jager; Jana Alberts; Una Steyn; Jan Bakker; Judy Greyling; Klein de Kock; Chrissie Pretorius

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" en hy inkom en by die profeet gaan staan, vra ????? vir hom: "" Waar kom jy vandaan Gehasi?"" Hy het geantwoord : """ Ek was nêrens heen nie""" "

Vraag: Watter profeet het Gehasi as slaaf besit?

Lees gerus Konings en noem Gehasi se eienaar en noem waar bostaande vers staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173

GESOEK: HUIS OM TE HUUR

Het jy of ken jy iemand wat'n huis het om uit te verhuur? Ons is op soek na 'n huis in Benoni of Atlasville om te huur vanaf Januarie 2017. As jy dalk 'n huurder soek, of weet van iemand kontak Anita van Rooyen op 073 172 7356 asb.

BEROEP OM HULP

Ek het 'n visie om 'n graad R klassie in Actonville gratis aan te bied vanaf die Actonville kerkgebou om behoeftige kindertjies in die Actonville gemeenskap skoolgereed te help kry vir graad 1.Hiervoor vra ek hulp om my visie 'n werklikheid te maak?:

- Bid asb. vir leiding en wysheid.
- Skenking van speelapparaat vir buite en skryfbehoeftes.
- Finansieele bystand om 'n onderwyseres te kan bekostig.

Navrae voorstelle of aanbiedinge kan gerig word aan Hannelie Bosch op 082 560 7614.

VAKANTE POS: GK-BENONI SKOONMAKER

Algemene skoonmaker vir skoonmaak van kerkgebou en kerkfasiliteite. Huidiglik drie dae per week, Maandae, Woensdae en Vrydae. Aansoeke en navrae kan aan Ronel Ritchie gerig word op 081 218 3048 of 011 849 6817. Aansoeke sluit Vrydag 2 Desember om 15:00

ST JAMES, LESOTHO UITREIK 25/26—30 November 2016

Ondersteun ons asb met ope harte hierin deur goedere te bring en dit in houers te plaas in die voorportaal.
Of donasies vir Bybels en werksboeke in die kerk se rekening te betaal met verwysing: "Lesotho".

* Toetreksakkies/rugsakkies of kongressakkies (nuut of oud) vir skoolkinders,
* Kosblikkies en waterbotteltjies(oud of nuut) om in bg sakkies te sit.
* Nie bederfbare voedsel en mieliemeel.
* Sokkerballe/netbalballe en n pomp.

Kontak Helene Venter by 083 457 8861.

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE:

BANK : ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING : Volle Naam, Van & Doel

Of SNAPSCAN:

Barmhartigheid

Deur kollekte